- (1) Indien die besonderhede op 'n staanplekbewys verkeerd is as gevolg van 'n verandering in besonderhede of om enige ander rede, moet die staanplekbewyshouer die bewys by die Stad indien om gewysig te word, of die Stad van die wysiging in kennis stel.
- (2) Indien 'n staanplekbewys in so 'n mate beskadig is dat die besonderhede nie redelikerwys bepaal kan word nie, moet die houer van die beskadigde staanplekbewys dit by die Stad indien, en kan 'n gemagtigde amptenaar dit op die bewyshouer se onkoste vervang.

11. Gebruik van staanplekke

- (1) Wanneer 'n taxibestuurder teen huur ry, moet dit op 'n ordelike manier geskied.

- (2) Geen persoon mag 'n taxi by 'n staanplek parkeer, met 'n taxi by 'n staanplek stilhou of 'n taxi by 'n staanplek laat bly indien die voertuig nie in 'n goeie werkende toestand is soos wat die Wet vereis nie.
- (3) Geen persoon mag enige voertuig by 'n staanplek parkeer of met enige voertuig daar stilhou buiten 'n taxi waarvoor 'n staanplekbewys ingevolge artikel 4 uitgereik is wat die staanplek en die geldigheidstydperk aandui nie.
- (4) Geen persoon mag enige taxi by 'n staanplek was buiten in 'n wasvak by die fasiliteit wat spesiaal vir dié doel gebou is nie.

12. Betredingsreg

In die toepassing van die bepalings van hierdie verordening mag 'n gemagtigde amptenaar op enige redelike tyd en sonder voorafkennisgewing –

- (a) 'n openbarevervoerfasiliteit betree om dit te inspekteer;
- (b) enige voertuig vir openbare vervoer, of voertuig wat gebruik word om lede van die publiek in ruil vir beloning te vervoer, betree; en
- (c) navraag doen by 'n persoon wat aan 'n openbarevervoerfasiliteit verbonde is.

13. Kaarte vir e-roepvoertuie

- (1) 'n E-roepvoertuig wat in die regsgebied van die Stad gebruik word, moet 'n kaart in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe plek op die voertuig vertoon.
- (2) 'n E-roepvoertuig mag slegs bestuur word deur 'n bestuurder wat oor 'n geldige bedryfslisensie beskik, wat op die voorruit van die voertuig vertoon moet word.
- (3) Die bepalings van artikel 7 en 8 is eweneens van toepassing op die opskorting of opheffing van 'n e-roepkaart, met die nodige kontekstuele aanpassings.

HOOFSTUK 4: LISENSIE EN BEDRYFSLIENSIE

14. Bestuurder van motorvoertuig moet gelisensieer wees

Geen persoon mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur nie –

- (a) buiten met die magtiging, en ooreenkomstig die voorwaardes, van 'n lisensie wat ingevolge die Wet aan die bestuurder uitgereik is, of enige dokument wat vir die doel van die Wet as 'n lisensie beskou word; en
- (b) tensy die bestuurder die lisensie of dokument of enige ander voorgeskrewe magtiging in die voertuig hou.

15. Motorvoertuig moet gelisensieer wees

Onderworpe aan die bepalings van die Wet moet elke motorvoertuig in die Stad, ongeag of dit op 'n openbare pad gebruik word of nie, deur die eienaar van die motorvoertuig by die relevante lisensiëringsowerheid gelisensieer word, soos wat die Wet bepaal.

16. Bestuurder moet oor bedryfslisensie beskik

- (1) Onderworpe aan die bepalings van artikel 32 van die Wet mag 'n persoon slegs 'n motorvoertuig van 'n klas wat daardie artikel voorskryf, op 'n openbare pad bestuur indien daardie persoon –
 - (a) 'n professionele bestuurspermit het om 'n voertuig van daardie klas te bestuur, welke permit kragtens die Wet uitgereik is;
 - (b) in besit is van daardie permit; en
 - (c) die voertuig ooreenkomstig die voorwaardes van die permit bestuur.
- (2) Subartikel (1) geld nie vir die houer van 'n leerlingrybewys vir daardie voertuigklas wat die motorvoertuig bestuur terwyl hy of sy vergesel is van 'n persoon wat as 'n bestuurder van die voertuigklas geregistreer is nie.

17. Bedryfslisensie moet op aanvraag getoon word

- (1) Die houer van 'n bedryfslisensie moet –
 - (a) die bedryfslisensie in 'n goeie en leesbare toestand hou; en
 - (b) die bedryfslisensie in die motorvoertuig hou waarop dit betrekking het wanneer die voertuig ook al as 'n taxi, bus of e-roepvoertuig gebruik word.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar mag die bestuurder van 'n taxi, bus of e-roepvoertuig vra om stil te hou en daarop aandring dat die bestuurder –

- (a) die bedryfslisensie toon; en
 - (b) die bestuurder se volle naam en adres sowel as die volle naam en adres van die eienaar van die taxi, bus of e-roepvoertuig verstrek.
- (3) 'n Bestuurder waarna subartikel (2) verwys, mag nie –
- (a) 'n openbarevervoerdiens sonder 'n geldige bedryfslisensie bedryf nie; of
 - (b) toelaat dat die bedryfslisensie gebruik word vir 'n ander voertuig as wat die bedryfslisensie bepaal nie.

18. Ongemagtigde oorhandiging of verlating van voertuig vir openbare vervoer

Geen bestuurder van 'n voertuig vir openbare vervoer mag –

- (a) die voertuig wat hy of sy bestuur, verlaat nie; of
- (b) toelaat dat die voertuig onder sy of haar beheer deur enigiemand anders bestuur word sonder die betrokke bedryfslisensie- of openbarepermithouer se skriftelike toestemming in die voorgeskrewe vorm nie.

19. Vertoon van lisensienommer

Geen persoon mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur of gebruik nie tensy dit toegerus is met 'n nommerplaat –

- (a) agter op 'n sleepwa of motorfiets; of
- (b) voor én agter op enige ander motorvoertuig.

HOOFSTUK 5: TOERUSTING AAN OF MET BETREKKING TOT VOERTUIE

20. Ligte aan motorvoertuie

Geen persoon mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur nie tensy –

- (a) alle ligte heel en behoorlik gemonteer is en te alle tye aangeskakel kan word; en

(b) die kopligte, agterligte en nommerplaatligte aangehou word tussen sononder en sonop, en in enige ander stadium wanneer sigbaarheid sleg is weens onvoldoende lig, rook of gure weer.

21. Ligte aan voertuie

Geen persoon mag 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur tensy die voertuigligte ooreenkomstig die Regulasies gemonteer en in 'n werkende toestand is nie.

22. Weerkaatsers aan voertuie

Geen persoon mag 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur tensy dit toegerus is met weerkaatsers wat ooreenkomstig die Regulasies gemonteer is, skoon en in 'n goeie toestand is, en nie verberg word nie.

23. Rigtingwysers

Geen persoon mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur tensy die rigtingwysers in 'n werkende toestand is nie.

24. Toeter of waarskuwingstoestelle

Geen persoon mag 'n voertuig bestuur tensy dit toegerus is met 'n toeter of waarskuwingstoestel wat in 'n goeie werkende toestand is en 'n geluid maak wat 'n persoon met normale gehoor duidelik kan hoor nie.

25. Algemene verbodsbepalings

Dit is verbode vir enige persoon –

(a) wat die eienaar of operateur is, of in beheer is, van 'n motorvoertuig om enige ander persoon aan te stel of toe te laat om daardie voertuig op 'n openbare pad te bestuur, tensy sodanige ander persoon –

(i) oor 'n geldige rybewys beskik; of

(ii) oor 'n geldige leerlingrybewys beskik en vergesel is van 'n bestuurder met 'n geldige rybewys;

(b) wat die houer is van 'n rybewys of leerlingrybewys om toe te laat dat enigiemand anders daardie rybewys gebruik;

- (c) om 'n motorvoertuig van enige klas in artikel 45(1) van die Wet, soos wat die Regulasies voorskryf, op 'n openbare pad te bestuur, tensy 'n geldige operateurskaart ooreenkomstig die voorskrifte in die Regulasies op die motorvoertuig vertoon word;
- (d) om, onderworpe aan artikel 42(5) van die Wet, 'n motorvoertuig in artikel 42(3) van die Wet te bestuur, tensy 'n geldige padwaardigheidsertifikaatskyf wat ingevolge die Wet uitgereik is, vertoon word soos wat die Regulasies vereis;
- (e) om 'n voertuig op onverskillige of nalatige wyse op 'n openbare pad te bestuur; vir die doel van hierdie paragraaf, en sonder om die gewone betekenis van die woord "onverskillig" te beperk, sal enige persoon wat 'n voertuig met opsetlike of kwaadwillige minagting vir die veiligheid van persone of eiendom bestuur, as 'n onverskillige bestuurder beskou word;
- (f) om 'n voertuig op 'n openbare pad te bestuur sonder redelike inagneming van enige ander persoon wat die pad gebruik;
- (g) om 'n motorfiets of motordriewiel te bestuur sonder om 'n beskermende valhelm te dra met die kenrieme onder die ken vasgemaak;
- (h) om enige voorwerp by die venster of deur van 'n voertuig uit te gooi of te laat uitval, wat insluit 'n brandende vuurhoutjie, sigaret, ander brandende of gloeiende item of materiaal, of enige item of materiaal wat spontaan kan ontbrand of ontsteek, of enige item of materiaal wat die spontane ontbranding van enige materiaal in of langs 'n pad of enige ander plek kan veroorsaak;
- (i) om, onderworpe aan artikel 58(3) van die Wet, 'n padverkeersteken te ignoreer of te verontagsaam terwyl hy of sy 'n voertuig bestuur, tensy 'n gemagtigde amptenaar anders opdrag gee;
- (j) om enige baanstrepe te verontagsaam terwyl hy of sy 'n voertuig bestuur;
- (k) om sonder redelike gronde of sonder die toestemming van die eienaar, die operateur of die persoon wat regmatig in beheer is van 'n motorvoertuig –
 - (i) die voertuig in beweging te bring;

- (ii) die voertuig se ratte te laat inskakel;
 - (iii) op enige manier aan die masjinerie, toebehore of onderdele van die voertuig te peuter;
 - (iv) in of op die voertuig te klim;
 - (v) in 'n voertuig te ry of dit te bestuur sonder die toestemming van die eienaar, die operateur of die persoon wat regmatig in beheer is van die voertuig; en
 - (vi) sonder 'n regmatige verskoning aan 'n voertuig of enige deel van die toerusting of toebehore van die voertuig te peuter, of dit opsetlik te beskadig, of enige voorwerp na die voertuig te gooi;
- (l) om 'n verklaring af te lê of inligting te verstrek wat die persoon wéét onwaar of misleidend is;
- (m) om te weier om 'n verklaring af te lê of enige inligting te verstrek wat die Wet vereis;
- (n) om enige nommerplaat te gebruik, te vertoon of te vervaardig wat nie aan die voorgeskrewe spesifikasies van die Wet voldoen nie; of
- (o) om 'n sertifikaat, lisensie of ander dokument wat ingevolge die Wet uitgereik of erken word, te vervals of na te maak, of dit te vervang, te wysig, te skend of te beskadig of enigiets daarby by te voeg met die bedoeling om te bedrieg, of in besit te wees van 'n sertifikaat, lisensie of ander dokument wat vervals of nagmaak of so vervang, gewysig, geskend of beskadig is of waarby enigiets bygevoeg is, of enige dokument te toon wat vir die doel van die Wet gebruik word, maar wat in formaat of inhoud verskil van 'n dokument wat die Wet voorskryf.

26. Sitplekgordels

- (1) Tensy 'n voertuig van die vereistes met betrekking tot sitplekgordels in die Regulasies vrygestel is, mag geen persoon 'n **motor**voertuig op 'n openbare pad bestuur nie tensy –
- (a) elke sitplek in die voertuig met sitplekgordels toegerus is;

- (b) die bestuurder 'n sitplekgordel dra; en
 - (c) alle passasiers hulle sitplekgordels dra en kinders onder sewejarige ouderdom in 'n kinderstoeltjie ingevolge subartikel (3) vasgegespe is.
- (2) Die sitplekgordels moenie beskadig wees nie en moet in 'n goeie werkende toestand wees.
- (3) Alle passasiers onder sewejarige ouderdom in 'n voertuig op 'n openbare pad moet vasgegespe wees in 'n kinderstoeltjie wat direk op 'n sitplek in die voertuig vasgemaak of met behulp van 'n sitplekgordel gemonteer is en wat spesifiek ontwerp is om kinders in geval van 'n botsing teen besering of sterfte te beskerm.

27. Voertuigbande

Geen persoon mag 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur nie indien enige van die voertuigbande –

- (a) in so 'n swak toestand, afgeslyt of beskadig is dat die metaalgedeelte van die wiel waaraan die band gemonteer is met die padoppervlak in kontak kan kom;
- (b) in so 'n swak toestand, afgeslyt of beskadig is dat die materiaal of koord wat in die bandkonstruksie gebruik is deur die rubber sigbaar is;
- (c) 'n loopvlakdiepte het van minder as een millimeter oor die breedte en die omtrek van die band;
- (d) 'n loopvlakdiepte het wat gelyk is met 'n gemonteerde loopvlakdiepte-aanwyser; of
- (e) 'n knop maak of uitbult.

HOOFSTUK 6: GEDRAG VAN BESTUURDERS, KONDUKTEURS EN PASSASIERE

28. Verhinderings dat 'n voertuig vir openbare vervoer gebruik word

Geen persoon mag met geweld, intimidasie, dreigemente of op enige ander manier verhinder of probeer verhinder nie –

- (a) dat enige persoon 'n voertuig vir openbare vervoer bekom of aanvra; of
- (b) dat die bestuurder van 'n voertuig vir openbare vervoer passasiers aanvaar.

29. Vervoer van gevaarlike of aanstootlike items in voertuie vir openbare vervoer

'n Persoon in beheer van 'n voertuig vir openbare vervoer mag nie willens en wetens 'n persoon of item in die voertuig vervoer, of toelaat dat 'n persoon of item in die voertuig vervoer word nie, ongeag of die voertuig aangevra is of nie, indien daardie persoon of item –

- (a) nie volgens wet vervoer mag word nie; of
- (b) ooglopend blootgestel is aan of besmet is met 'n infeksie- of aansteeklike siekte soos wat die Wet beskryf.

30. In- en uitklim by voertuie vir openbare vervoer

- (1) Geen persoon mag in 'n voertuig vir openbare vervoer klim voordat alle persone wat uit sodanige voertuig wil klim so gemaak het nie.
- (2) Geen persoon mag daarop aandring om in 'n voertuig vir openbare vervoer te klim indien die getal passasiers in so 'n geval die totale toegelate getal vir die voertuig sal oorskry nie.
- (3) Geen persoon mag in of uit enige voertuig vir openbare vervoer klim, of probeer in- of uitklim, terwyl die voertuig beweeg nie.

31. Toustaan by openbarevervoerfasiliteite

- (1) Die Stad mag by enige gevestigde staanplekfasiliteit 'n toustaanteken oprig of laat oprig wat bestaan uit 'n kennisgewingbord wat aandui waar en hoe persone

wat wag om in 'n voertuig vir openbare vervoer te klim tot stilstand moet kom en toustaan, en sodanige teken moet aangevul word met toustaanversperrings in die vorm van relings of strepe op die grondoppervlak van die area wat vir toustaan afgebaken word.

- (2) Elke passasier wat toustaan, moet gehoor gee aan die opdragte van 'n openbarevervoerkondukteur of gemagtigde amptenaar aan diens.

32. Drag en identifisering van kondukteurs van openbarevervoerdienste

Elke kondukteur van 'n openbarevervoerdienste moet, terwyl hy of sy aan diens is en hom of haar vir diens aanbied, 'n beffie of baadjie met retroweerkaatsers dra, en sorg dat 'n identifikasiekaart wat op gepaste wyse ingevolge enige ander wet aan hom of haar uitgereik is sigbaar vertoon word.

33. Sorgsaamheidsplig

Die eienaar, bestuurder en kondukteur van 'n voertuig vir openbare vervoer moet te alle tye hulle sorgsaamheidsplig nakom om die binnekant van die voertuig in 'n higiëniese toestand te hou.

34. Betaling van reisgeld

'n Bus- of taxipassasier moet op versoek die vasgestelde reisgeld vir die rit betaal.

35. Regte en pligte van passasiers ingeval voertuig vir openbare vervoer onklaar raak

- (1) Indien 'n voertuig vir openbare vervoer onklaar raak of om enige rede nie verder kan ry nie, moet die passasiers op die bestuurder se versoek uit die onklaar voertuig klim, en is die passasiers geregtig op 'n terugbetaling van die reisgeld wat hulle betaal het.
- (2) Die bestuurder moet hetsy die passasiers hulle reisgeld teruggee, of reël dat die passasiers op die onkoste van die eienaar van die onklaar voertuig die volgende beskikbare voertuig vir openbare vervoer haal om hulle reis te voltooi.
- (3) 'n Bestuurder wat nie aan subartikel (2) voldoen nie, pleeg 'n misdryf.

36. Verbode optrede in voertuig vir openbare vervoer

- (1) Dit is verbode om in 'n voertuig vir openbare vervoer:
- (a) te rook;
 - (b) aanstootlike of uitermate harde musiek te speel;
 - (c) onweloweglike of aanstootlike taal te gebruik;
 - (d) enige passasier lastig te val;
 - (e) enigiets te beskadig en aan die toerusting van die voertuig vir openbare vervoer te peuter;
 - (f) die bestuurder te dwing om van die goedgekeurde roete af te wyk;
 - (g) 'n ander persoon se lewe in gevaar te stel;
 - (h) met die bestuurder se handeling in te meng; en
 - (i) oproerig of onbetaamlik op te tree.
- (2) Enige persoon wat hom of haar aan enige handeling in subartikel (1) skuldig maak, kan uit die voertuig verwyder word en enige betaalde reisgeld verbeur.

37. Verbode gedrag by openbarevervoerfasiliteit

'n Persoon wat stoornis veroorsaak of op 'n oproerige of onbetaamlike manier optree, kan deur 'n gemagtigde amptenaar uit die omgewing van 'n openbarevervoerfasiliteit verwyder word.

38. Goedere wat in voertuie vir openbare vervoer agterbly

Die bestuurder van 'n voertuig vir openbare vervoer moet die voertuig ná 'n rit deeglik nagaan, en indien 'n passasier enige goedere in die voertuig vergeet het, moet die bestuurder –

- (a) die goedere oorhandig aan die persoon wat dit daar vergeet het; of
- (b) indien hy of sy nie die goedere kan oorhandig aan die persoon wat dit daar vergeet het nie –

- (i) die goedere so gou moontlik na sy of haar werkgewer se kantoor vir verlore goedere of die naaste polisiestrasie neem; en
- (ii) 'n ontvangsbewys vir die goedere kry.

HOOFSTUK 7: DIERE

39. Diere

Geen passasier mag met enige dier in 'n voertuig vir openbare vervoer klim nie, buiten met 'n gidshond wat 'n blinde persoon bystaan.

40. Diere op 'n openbare pad

- (1) Geen eienaar van 'n dier mag toelaat dat die dier sonder 'n oppasser in enige gedeelte van 'n padreserwe kom nie.
- (2) Indien enige dier sonder 'n oppasser in die padreserwe aangetref word, sal daar aangeneem word dat die eienaar die dier daar agtergelaat het, of toegelaat het dat die dier op die pad rond dwaal.
- (3) Geen persoon mag enige dier op 'n openbare pad of in enige gedeelte van die padreserwe aanjaag sonder om tussen sonder en sonop 'n duidelike rooi lig voor en agter die dier te vertoon sodat dit sigbaar is vir verkeer nie.
- (4) 'n Gemagtigde amptenaar mag enige dier skut wat in stryd met subartikel (1) in 'n padreserwe aangetref word.
- (5) 'n Geskutte dier moet ingevolge die Stad se Verordening op Diere, 2010, en enige beleide en prosedures met betrekking tot die skut van diere aangehou en vrygelaat word.

HOOFSTUK 8: PADVEILIGHEID

41. Omstandighede waarin persone in goedervoertuig vervoer mag word

Geen persoon mag 'n goedervoertuig gebruik om persone op 'n openbare pad te vervoer nie tensy –

- (a) daardie gedeelte van die voertuig waarin die persone vervoer word, oordek is tot 'n hoogte van 350 millimeter vir sittende passasiers en 900 millimeter vir staande passasiers; en
- (b) waar 'n persoon in die goedereafdeling saam met enige gereedskap of goedere (buiten persoonlike besittings) vervoer word, sodanige persoon deur middel van 'n afskorting geskei word van die area waarin die goedere vervoer word.

42. Oorlading van voertuie vir openbare vervoer

Geen bestuurder van 'n voertuig vir openbare vervoer mag méér passasiers inlaat as die getal passasiers wat op die permit bepaal word nie.

43. Versperring en ontwrigting van verkeer

- (1) Geen persoon mag 'n voertuig vir openbare vervoer parkeer of laat parkeer by 'n stilhouplek wat vir 'n ander klas voertuig vir openbare vervoer aangewys is nie.
- (2) Geen voertuig vir openbare vervoer mag op 'n voetorgang stilhou om passasiers op of af te laai nie.
- (3) Geen voertuig vir openbare vervoer mag met die oog op ry-teen-huur enigsins langer op 'n afgebakende parkeerplek parkeer as wat nodig is om wagtende passasiers op of af te laai nie.

44. Pligte van voetgangers

- (1) 'n Voetganger mag 'n openbare pad slegs by 'n voetorgang of kruising of op 'n punt verder as 50 meter van die voetorgang of kruising oorsteek.
- (2) Waar daar 'n gemerkte voetorgang by 'n kruising is, mag 'n voetganger die kruising slegs op sodanige gemerkte voetorgang oorsteek.
- (3) Waar 'n verkeersligstelsel mét voetgangerseine by 'n kruising in werking is, mag 'n voetganger nie die voetorgang op die ryvlak by die kruising betree terwyl die rooi lig van die voetgangersein vertoon word in die teenoorgestelde rigting as waarin die voetganger loop nie.

- (4) Waar 'n verkeersligstelsel s nder voetgangerseine by 'n kruising in werking is, mag 'n voetganger nie die voetoorgang op die ryvlak by die kruising betree terwyl die rooi lig van die verkeersligstelsel vertoon word in die teenoorgestelde rigting as waarin die voetganger loop nie.
- (5) Waar 'n verkeersligstelsel m t voetgangerseine by 'n voetoorgang op 'n ander plek as by 'n kruising in werking is, mag 'n voetganger slegs die voetoorgang op die ryvlak betree wanneer die groen lig van die voetgangersein vertoon word in die teenoorgestelde rigting as waarin die voetganger loop.
- (6) Voetgangers mag nie hulle eie veiligheid  f die veiligheid van 'n persoon of voertuig wat 'n openbare pad gebruik, op agtelosige, nalatige of onverskillige wyse verontagsaam of in gevaar stel nie.

45. Gebruik van toeter

Geen persoon mag die toeter of waarskuwingstoestel van 'n voertuig op 'n openbare pad gebruik nie buiten waar dit nodig is om aan die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet te voldoen, of om veiligheidsredes.

46. Voertuig wat uitermatige geraas veroorsaak

Geen persoon mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik of laat gebruik indien die voertuig enige uitermatige geraas veroorsaak wat deur die beoefening van redelike sorg verhoed kan word nie.

47. Plig om aan te dui wanneer daar van bane verwissel word

- (1) Die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad wat met gepaste padverkeerstekens in verkeersbane verdeel is, mag nie uit een baan in of oor 'n ander baan draai nie tensy die bestuurder dit kan doen sonder om ander verkeer te versper of in gevaar te stel.
- (2) 'n Bestuurder mag nie uit een baan in of oor 'n ander baan draai sonder om 'n opsigtelike sein te gee wat sigbaar is vir enige persoon wat van voor, agter of die kant aankom, en wat lank genoeg duur om enige sodanige persoon te waarsku dat die bestuurder van plan is om te draai nie.

48. Verbysteek van voertuig

- (1) Onderworpe aan subartikel (2), (3) en (4) moet die bestuurder van 'n voertuig wat van plan is om enige ander voertuig wat in dieselfde rigting op 'n openbare pad ry, verby te steek –
 - (a) sodanige ander voertuig aan die regterkant verbysteek op 'n veilige afstand, wat in die geval van 'n motorvoertuig wat 'n trapfiets verbysteek, ten minste een meter moet wees; en
 - (b) nie weer aan die linkerkant van die ryvlak ry totdat hy of sy daardie voertuig veilig en volledig verbygesteek het nie.
- (2) Onderworpe aan subartikel (3) mag 'n bestuurder 'n voertuig op 'n openbare pad aan die linkerkant verbysteek indien –
 - (a) dit veilig is vir die bestuurder, ander bestuurders, voetgangers en enige eiendom langs die pad; en
 - (b) die voertuig wat verbygesteek word besig is om regs te draai, of die bestuurder van daardie voertuig aangedui het dat hy of sy van plan is om regs te draai; of
 - (c) die pad –
 - (i) beperk is tot voertuie wat in een rigting beweeg; en
 - (ii) met gepaste padverkeerstekens in verkeersbane verdeel is; of
 - (iii) 'n ryvlak het wat breed genoeg is vir twee of meer bane bewegende voertuie; of
 - (d) die ryvlak breed genoeg is vir twee of meer bane bewegende voertuie in elke rigting; of
 - (e) die bestuurder volgens die spesifieke of algemene voorskrifte van 'n gemagtigde amptenaar bestuur.
- (3) Onderworpe aan artikel 49 mag geen bestuurder 'n ander voertuig verbysteek soos wat subartikel (2) beoog deur op die skouers van die ryvlak of op die kant van die pad te ry nie.

- (4) Die bestuurder van 'n voertuig mag nie ander verkeer wat in dieselfde rigting op 'n openbare pad ry, verbysteek voor –
- (a) die bopunt van 'n steilte nie;
 - (b) 'n draai in die pad nie; of
 - (c) enige ander plek waar die bestuurder se sig so beperk is dat enige sodanige verbysteek 'n gevaar kan skep met betrekking tot ander verkeer wat dalk uit die teenoorgestelde rigting aankom nie, tensy –
 - (i) die bestuurder dit kan doen sonder om na die regterkant van die ryvlak oor te gaan; of
 - (ii) die ryvlak van die pad beperk is tot voertuie wat in een rigting beweeg.
- (5) Wanneer 'n bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad bewus word van ander verkeer wat in dieselfde rigting ry en wat wil verbykom, moet die bestuurder so na as moontlik aan die linkerkant van die ryvlak ry, mits dit veilig is vir die bestuurder, ander bestuurders, voetgangers en enige eiendom langs die pad, en mag die bestuurder nie versnel totdat sodanige ander voertuig verby is nie.
- (6) Net voordat aankomende verkeer verbyry, moet die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad seker maak dat sy of haar voertuig nie na die regterkant van die ryvlak oorbeweeg op 'n wyse wat die aankomende verkeer kan versper of in gevaar stel nie.
- (7) Die bestuurder van 'n voertuig wat van plan is om by 'n stilstaande bus op 'n openbare pad verby te gaan, moet die nodige sorg aan die dag lê vir die veiligheid van persone wat die bus nader of verlaat, of kan nader of verlaat.

49. Verbod op ry op die skouer van 'n openbare pad

- (1) Onderworpe aan subartikel (2) hieronder en artikel 115(1)(e) van die Wet mag geen persoon 'n motorvoertuig op die skouer van 'n openbare pad bestuur nie.
- (2) Ondanks subartikel (1) mag die bestuurder van 'n motorvoertuig in die tyd tussen sonop en sononder op die skouer ry van 'n openbare pad wat vir een baan verkeer in elke rigting voorsiening maak –

- (a) terwyl die motorvoertuig deur 'n ander voertuig verbygesteek word;
- (b) indien dit veilig is vir die bestuurder, ander bestuurders, voetgangers en enige eiendom langs die pad; en
- (c) indien persone en voertuie op die pad duidelik sigbaar is op 'n afstand van ten minste 150 meter.

50. Voorrang by sekere padaansluitings

Wanneer die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad van plan is om enige gedeelte van die pad te gebruik waar twee of meer openbare paaie by mekaar aansluit en voertuigverkeer in die aansluiting om 'n verkeerseiland moet ry, moet die bestuurder voorrang gee aan alle voertuigverkeer wat van regs in die aansluiting aankom, tensy 'n gemagtigde amptenaar of 'n padverkeersteken by die ingang van die aansluiting anders aandui.

51. Plig om stil te hou

- (1) Die bestuurder van 'n voertuig op 'n openbare pad moet stilhou –
 - (a) ooreenkomstig enige opdrag van 'n padverkeersteken of 'n gemagtigde amptenaar in uniform; of
 - (b) wanneer 'n persoon wat enige bees, perd, donkie, muil, skaap, bok, vark of volstruis op die pad lei of aanjaag so versoek of aandui.
- (2) 'n Bestuurder van 'n voertuig wat 'n opdrag om stil te hou ingevolge subartikel (1)(a) verontagsaam of die amptenaar probeer ontwyk, pleeg 'n misdryf.

52. Ry op trapfietse

- (1) Persone wat op 'n openbare pad op trapfietse ry, mag in enkel gelid ry, buiten waar een trapfiets 'n ander verbysteek. Twee of meer persone wat op trapfietse ry, mag nie tegelyk 'n ander trapfiets verbysteek nie.
- (2) Geen persoon wat op 'n openbare pad op 'n trapfiets ry of sit, mag aan enige ander bewegende voertuig vashou nie.
- (3) Geen persoon wat op 'n openbare pad op 'n trapfiets ry, mag die fiets opsetlik van kant tot kant laat swenk nie.

- (4) Geen persoon wat op 'n openbare pad op 'n trapfiets ry, mag enige persoon, dier of voorwerp vervoer wat die fietsryer se sig belemmer, of verhoed dat die fietsryer volle beheer oor die beweging van die trapfiets uitoefen nie.
- (5) 'n Persoon wat op 'n openbare pad op 'n trapfiets ry, moet ten minste een hand op die stuurstang van die trapfiets hê.
- (6) Wanneer ook al 'n gedeelte van 'n openbare pad aangewys is vir gebruik deur persone wat op trapfiets ry, mag geen persoon op enige ander gedeelte van die pad 'n trapfiets ry nie.
- (7) 'n Persoon wat op 'n trapfiets ry op 'n openbare pad of 'n gedeelte van 'n openbare pad wat vir gebruik deur persone met trapfiets aangewys is, moet te alle tye so ry dat alle wiele van die fiets aan die oppervlak van die pad raak.

53. Renne en sport op openbare paaie

- (1) Vir die doel van hierdie artikel sluit die uitdrukking “renne of sport” in –
 - (a) enige ren, snelheidstoets, betroubaarheidstoets, heuwelren of sportbyeenkoms; of
 - (b) enige ander aktiwiteit hoegenaamd –
 - (i) wat 'n bron van gevaar vir verkeer kan inhou; of
 - (ii) wat die normale verkeersvloei kan belemmer, vertraag of ontwrig.
- (2) Tensy die Stad vooraf skriftelike toestemming verleen, mag geen bestuurder in of op 'n openbare pad, openbare plek, of plek waartoe die publiek toegang het –
 - (a) enige ren, snelheidstoets of sport waarby 'n motorvoertuig betrokke is, reël of daaraan deelneem nie;
 - (b) 'n voertuig se wiele laat tol wanneer dit uit 'n stilstande posisie wegtrek nie;
 - (c) 'n voertuig se wiele laat tol sodat die wiele trekkrag verloor en enige deel van die voertuig laat swenk of skuif terwyl die wiele tol nie; of
 - (d) enige van die wiele van 'n voertuig van die grond af laat lig terwyl die voertuig beweeg nie.

- (3) Geen persoon mag in of langs 'n openbare pad, openbare plek, of plek waartoe die publiek toegang het, staan om bestuurders wat by ongemagtigde renne, snelheidstoetse of motorvoertuig sport betrokke is dop te hou of aan te moedig nie.

54. Verhinderings of versperring van verkeer op openbare pad

- (1) Geen persoon mag die vrye en behoorlike deurgang van verkeer op 'n openbare pad opsetlik of onnodig verhinder, belemmer of onderbreek nie.
- (2) Geen persoon mag enige voorwerp op 'n openbare pad plaas of los, of daar laat plaas of los, wat die verkeer op sodanige pad in gevaar kan stel of beskadig nie.

55. Sleep van voertuie

- (1) Dit is verbode vir enige persoon om enige motorvoertuig op 'n openbare pad te bestuur terwyl hy of sy 'n ander voertuig sleep of trek –
- (a) indien die eienaar van die voertuig wat gesleep word nie oor 'n rybewys beskik vir die kategorie voertuig wat gesleep word nie;
- (b) met 'n sleeptou of -ketting van langer as drie en 'n halwe meter; en
- (c) teen 'n snelheid van meer as 30 kilometer per uur indien 'n tou of ketting gebruik word.
- (2) Geen operateur van 'n motorfiets, motordriewiel, motorvierwiel of trapfiets mag 'n voertuig, motorfiets, motordriewiel, motorvierwiel of trapfiets sleep nie.

56. Parkering van voertuie

- (1) Tensy padverkeersmerke, padverkeerstekens of 'n gemagtigde amptenaar anders aandui, is dit verbode vir enige persoon om 'n voertuig op 'n openbare pad te parkeer –
- (a) in stryd met 'n padverkeersteken;
- (b) in enige posisie of op enige plek wat na die gemagtigde amptenaar se mening 'n gevaar of versperring vir verkeer of voetgangers kan inhou;
- (c) in enige duikweg of tunnel, of nader as ses meter daaraan;

- (d) aan die regterkant van die pad in die rigting van aankomende verkeer;
 - (e) in die spoorwegreserwe by 'n spooroorgang;
 - (f) nader as nege meter aan enige kant van 'n voetoorgang;
 - (g) aan dieselfde kant as 'n brandkraan in 'n area wat begrens word deur die middellyn van die ryvlak, en lyne wat haaks is op sodanige middellyn een en 'n halwe meter aan weerskante van die brandkraan;
 - (h) op 'n manier wat enige privaat of openbare voertuig se toegang tot die ryvlak versper;
 - (i) op 'n verkeerseiland, in 'n voetgangerstraat of wandellaan; of
 - (j) nader as vyf meter aan 'n kruising.
- (2) Geen persoon mag 'n voertuig parkeer op 'n parkeerplek wat vir persone met gestremdhede bedoel is nie tensy hy of sy die amptelike plakker vir die vervoer van persone met gestremdhede vertoon wat 'n provinsiale owerheid vir daardie voertuig uitgereik het.
- (3) Dit is verbode vir enige persoon om 'n motorvoertuig in 'n laaisone te parkeer en onbewaak te laat vir langer as –
- (a) vyf minute in geval van 'n voertuig buiten 'n afleweringvoertuig; of
 - (b) 30 minute in geval van 'n afleweringvoertuig.
- (4) 'n Gemagtigde amptenaar mag ingevolge artikel 62 van die Wet voertuie skut wat in stryd met subartikel (1)(b), (e) en (g) geparkeer is.

57. Algemene pligte van voertuigbestuurder of -passasier op openbare pad

- (1) Dit is verbode vir enige persoon wat 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur –
- (a) om die voertuig te laat agteruitloop tensy dit veilig kan geskied, of die voertuig verder of vir 'n langer tyd te laat agteruitloop as wat dalk nodig is vir die veiligheid of redelike gerief van enige persoon in daardie voertuig of van ander verkeer op sodanige pad;

- (b) om 'n korter volgafstand van 'n ander voertuig te handhaaf as wat redelik en verstandig is met inagneming van die ander voertuig se snelheid, die ander verkeer en die toestand van die ryvlak, of 'n korter volgafstand as wat in hierdie bepalings voorgeskryf word;
- (c) om enige persoon, dier of voorwerp op enige plek in of op die voertuig toe te laat wat dit vir die bestuurder kan moeilik maak om volle beheer oor die bewegings van die voertuig uit te oefen, of aan te dui wanneer hy of sy van plan is om stil te hou, snelheid te verminder of van rigting te verander;
- (d) om terwyl hy of sy sodanige voertuig bestuur, toe te laat dat enige ander persoon die stuur- of beheermeganisme van die voertuig vashou of daaraan peuter;
- (e) om terwyl hy of sy sodanige voertuig bestuur, so geposisioneer te wees dat hy of sy nie volle beheer oor die voertuig het of die ryvlak en die verkeer voor die voertuig ten volle kan sien nie;
- (f) om die voertuig onbewaak te laat op die pad sonder om die rem te aktiveer of sodanige ander metode te gebruik om te verhoed dat die voertuig uit die posisie beweeg waarin dit gelaat word;
- (g) om indien die voertuig langs die pad geparkeer is of stilstaan, uit daardie posisie te begin ry, tensy dít moontlik is sonder om in te meng met bewegende verkeer wat uit enige rigting aankom, en sonder om die veiligheid van die bestuurder en ander in gevaar te stel;
- (h) om te versuim om dadelike en absolute voorrang te gee aan 'n voertuig wat ingevolge artikel 58(3) van die Wet 'n toestel laat afgaan of 'n identifiseringslig vertoon;
- (i) om enige gedeelte van sy of haar liggaam by die voertuig te laat uitsteek terwyl die voertuig beweeg, buiten om enige handsein te gee wat die bestuurder ingevolge hierdie artikel moet of mag gee, of tensy die bestuurder besig is om die voertuig te toets of te parkeer;

- (j) om toe te laat dat enige persoon of dier op die dak, enige trap of treeplank of enige ander plek bo-op 'n voertuig plaasneem terwyl die voertuig beweeg;
 - (k) om te veroorsaak of toe te laat dat die motorvoertuigenjin luiër terwyl die voertuig stilstaan en onbewaak is;
 - (l) om op nalatige of opsetlike wyse enige petrol of ander vloeibare brandstof of enige olie, smeermiddel of ander vlambare of aanstootlike stof, as of ander vullis van watter aard ook al uit die voertuig op of langs die pad te stort of te laat stort;
 - (m) om te veroorsaak of toe te laat dat die motorvoertuigenjin luiër terwyl petrol of ander vlambare brandstof by die brandstoftenk van die voertuig inloop, of dat die enjin aangeskakel word voordat die petrol of ander vlambare brandstof klaar ingeloopt het en die deksel van die brandstoftenk weer teruggesit is; of
 - (n) om in die aankomende baan te ry, tensy die bestuurder 'n ander voertuig op regmatige wyse verbystek, of in opdrag van 'n gemagtigde amptenaar.
- (2) Geen persoon buiten die bestuurder mag die stuur- of beheermeganisme van 'n voertuig vashou of daaraan peuter terwyl die voertuig op 'n openbare pad beweeg nie, tensy daar redelikerwys afgelei kan word dat die bestuurder nie meer die voertuig kan stuur of beheer nie.
 - (3) Geen passasier in 'n voertuig op 'n openbare pad mag enige gedeelte van sy of haar liggaam by die voertuig laat uitsteek nie.
 - (4) Geen persoon mag in of uit enige voertuig op 'n openbare pad klim tensy die voertuig stilstaan en dit gedoen kan word sonder om enigeen in gevaar te stel nie.
 - (5) Geen persoon mag 'n voertuig op 'n sypaadjie bestuur, sleep of stoot nie.

58. Skade aan openbare paaie

Dit is verbode vir enige persoon op 'n openbare pad –

- (a) om enige band van enige voertuig op die padoppervlak te laat sleep of tol, buiten in 'n noodgeval; of
- (b) om enige voertuig of item op die ryvlak te gebruik of te laat beweeg op 'n manier wat die pad beskadig of waarskynlik sal beskadig.

59. Spesiale bepalings met betrekking tot snelweë

- (1) Dit is verbode om op 'n snelweg te ry met –
 - (a) 'n voertuig wat deur 'n dier getrek word;
 - (b) 'n trapfiets;
 - (c) 'n skaatsplank, rolskaatse, rollemskaatse of 'n soortgelyke toestel;
 - (d) 'n motorfiets met 'n enjin met 'n silindervermoë van 50 kubieke sentimeter of minder;
 - (e) 'n voertuig wat aangedryf word met elektriese krag uit akkumulatorbatterye wat deur 'n voetganger beheer word;
 - (f) enige voertuig wat 230 kilogram of minder weeg wat spesifiek ontwerp en gebou is, en nie bloot aangepas is nie, vir gebruik deur 'n persoon met 'n gestremdheid en wat uitsluitlik deur daardie persoon gebruik word;
 - (g) 'n motordriewiel of -vierwiel;
 - (h) 'n voertuig wat 230 kilogram of minder weeg en spesiaal ontwerp, gebou of aangepas is vir gebruik deur 'n persoon met 'n fisiese belemmering of gestremdheid; of
 - (i) 'n trekker of sleeptrekker.
- (2) Dit is verbode vir enige persoon –
 - (a) om te voet op 'n snelweg te wees, buiten –
 - (i) in 'n area waar 'n gepaste padverkeersteken aandui dat voertuie mag stilhou of parkeer; of
 - (ii) om 'n rede buite sy of haar beheer;

- (b) om 'n dier te los of toe te laat –
 - (i) op 'n snelweg, buiten in of op 'n motorvoertuig of in 'n area waar 'n gepaste padverkeersteken aandui dat voertuie mag stilhou of parkeer; of
 - (ii) op 'n plek van waar die dier kan wegdwaal en op die snelweg beland;
 - (c) om met 'n voertuig op 'n snelweg stil te hou, buiten –
 - (i) ooreenkomstig 'n padverkeersteken of 'n opdrag van 'n gemagtigde amptenaar;
 - (ii) in 'n area waar 'n gepaste padverkeersteken aandui dat voertuie mag stilhou of parkeer; of
 - (iii) om enige rede buite die bestuurder se beheer; of
 - (d) om 'n handsein te gee terwyl hy of sy 'n motorvoertuig op 'n snelweg bestuur, buiten om 'n rede buite die bestuurder se beheer.
- (3) Die bepalings van –
- (a) subartikel (1)(i) is nie van toepassing op 'n persoon wat 'n trekker bestuur as deel van die konstruksie of instandhouding van 'n snelweg nie;
 - (b) subartikel (2)(a) is nie van toepassing nie –
 - (i) op 'n gemagtigde amptenaar in die uitvoering van sy of haar pligte as amptenaar;
 - (ii) op 'n persoon wat besig is met reddingswerk;
 - (iii) op 'n persoon wat besig is met die konstruksie of instandhouding van 'n snelweg of die lewering van 'n noodsaaklike openbare diens; of
 - (c) subartikel (2)(c) is nie van toepassing nie –
 - (i) op die bestuurder van –
 - (aa) 'n ambulans, brandbestrydingsvoertuig of reddingsvoertuig; of
 - (bb) 'n sleepwa wat besig is om 'n ander motorvoertuig te red;

- (ii) op 'n gemagtigde amptenaar wat 'n voertuig in die uitvoering van sy of haar pligte bestuur; of
- (iii) op 'n persoon wat 'n voertuig bestuur terwyl dit gebruik word vir die konstruksie of instandhouding van 'n snelweg of die lewering van 'n noodsaaklike openbare diens.

HOOFSTUK 9: MOBIELE TELEFONE

60. Verbod op gebruik van mobiele telefone terwyl daar bestuur word

- (1) Vir die doel van hierdie artikel sluit 'n "mobiele telefoon" –
 - (a) 'n selfoon of ander handtoestel vir kommunikasie in;
 - (b) nie 'n telefoon of toestel in nie –
 - (i) wat aan die voertuig vasgeheg is of deel is van die vaste toebehore van die voertuig, en vasgeheg bly terwyl dit gebruik word; of
 - (ii) wat spesiaal aangepas of ontwerp is as 'n kopstuk om teen die bestuurder se ore te bly sodat hy of sy die telefoon of toestel kan gebruik sonder om dit met een of albei hande of enige ander liggaamsdeel vas te hou;
 - (c) nie landgebaseerde mobiele toerusting vir radio-uitsending en -ontvangs in wat by frekwensies van 2 megahertz tot 500 megahertz funksioneer en aan die voertuig vasgeheg is of deel is van die vaste toebehore van die voertuig nie.
- (2) Onderworpe aan enige ander wet of subartikel (9) mag geen persoon 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur terwyl hy of sy 'n mobiele telefoon met een of albei hande of enige ander liggaamsdeel vashou nie.
- (3) Onderworpe aan subartikel (4) mag 'n gemagtigde amptenaar, in die openbare belang en ter wille van die publiek se veiligheid, 'n mobiele telefoon skut wat in stryd met subartikel (2) gebruik word.
- (4) Wanneer die gemagtigde amptenaar 'n mobiele telefoon skut, moet die amptenaar –

- (a) die voertuigbestuurder van die redes vir skutting in kennis stel;
 - (b) versoek dat die bestuurder die telefoon afskakel om toegang tot die foondata te verhoed;
 - (c) indien die bestuurder nie die eienaar is nie, die bestuurder vir die eienaar se naam en kontakbesonderhede vra;
 - (d) die voertuigbestuurder 'n ontvangsbewys gee wat aandui waar die telefoon afgehaal kan word;
 - (e) die voertuigbestuurder in kennis stel dat indien die telefoon nie binne drie maande ná die datum van skutting afgehaal word nie, dit ooreenkomstig die Stad se skutbeleide verkoop, geskenk of vernietig kan word; en
 - (f) die standaardbedryfsprosedure vir die skutting van goedere en diere volg.
- (5) Indien die voertuigbestuurder nie die eienaar van die mobiele telefoon is nie, moet die gemagtigde amptenaar die eienaar van die telefoon by die kontakadres wat ingevolge subartikel (4)(c) voorsien is, en saam met 'n ontvangsbewys wat ingevolge subartikel (4)(d) uitgereik is, in kennis stel –
- (a) van waar die telefoon afgehaal kan word; en
 - (b) dat indien die telefoon nie binne drie maande ná die datum van skutting afgehaal word nie, dit vernietig sal word.
- (6) Indien daar vooraf skriftelik daarom aansoek gedoen word, kan die Stad die tydperk van drie maande waarna subartikel (4)(e) en (5)(b) verwys, verleng, mits verlenging nie meer as twee keer toegestaan word nie.
- (7) Die mobiele telefoon mag slegs afgehaal word deur –
- (a) die eienaar van die telefoon, by bewys van eienaarskap van die telefoon; of
 - (b) enige ander persoon, by die toon van –
 - (i) 'n magtigingsbrief van die eienaar, sowel as die eienaar se bewys van eienaarskap;
 - (ii) 'n gewaarmerkte afskrif van die eienaar se identiteitsdokument of sakeregistrasie; en

- (iii) 'n gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die persoon wat die telefoon afhaal.
- (8) Indien die mobiele telefoon nie binne die drie maande afgehaal word nie, kan die Stad –
- (a) die telefoon verkoop of skenk, mits alle privaat data op die telefoon uitgewis word; of
 - (b) die telefoon vernietig.
- (9) Subartikel (2) is nie van toepassing nie op die volgende persone in die uitvoering van hulle pligte:
- (a) gemagtigde amptenare;
 - (b) munisipale polisiebeamptes;
 - (c) lede van die Suid-Afrikaanse Polisie; en
 - (d) bestuurders van voertuie soos wat artikel 58(3) van die Wet beoog.

HOOFSTUK 10: BESTUUR ONDER DIE INVLOED

61. Algemene bepalinge met betrekking tot bestuur onder die invloed

- (1) In hierdie hoofstuk sluit die bestuur van 'n voertuig in om agter die stuurwiel of beheermeganisme van 'n motorvoertuig te sit terwyl die enjin luiers en, in geval van voertuie wat deur diere getrek word of trapfietsse, om op die sitplek te sit en die teuels of stuurstang te beheer.
- (2) Geen persoon mag 'n motorvoertuig, trapfiets of voertuig wat deur 'n dier getrek word op 'n openbare pad bestuur terwyl hy of sy onder die invloed van alkoholiese drank of 'n middel met 'n bedwelmende uitwerking nie.
- (3) Indien 'n gemagtigde amptenaar redelikerwys vermoed dat 'n bestuurder van 'n voertuig onder die invloed van alkoholiese drank of 'n middel met 'n bedwelmende uitwerking verkeer, kan die amptenaar die bestuurder versoek –
- (a) om stil te hou; en

- (b) om 'n asemtoets met behulp van die voorgeskrewe toerusting te laat doen.
- (4) 'n Gemagtigde amptenaar kan die bestuurder van 'n voertuig soos wat subartikel (3) beoog, in hegtenis neem indien –
 - (a) die bestuurder weier om stil te hou;
 - (b) die bestuurder weier om 'n asemtoets te laat doen; of
 - (c) die bestuurder se asemtoets die voorgeskrewe perk oorskry.

HOOFSTUK 11: SKUT VAN VOERTUIE

62. Algemene bepalinge met betrekking tot die skut van voertuie

- (1) Die gemagtigde amptenaar kan, in die openbare belang en ter wille van die publiek se veiligheid, 'n voertuig sonder kennisgewing skut indien –
 - (a) die voertuig op 'n openbare pad op 'n onverskillige manier bestuur word of by onwettige straatrenne betrokke is;
 - (b) die voertuig met onklaar kop- of agterligte op 'n openbare pad bestuur word tussen sonder en sonop, of op enige ander tyd wanneer sigbaarheid sleg is as gevolg van onvoldoende lig, rook of gure weer;
 - (c) die voertuig wat op 'n openbare pad bestuur word in so 'n swak of beskadigde toestand is dat dit na die gemagtigde amptenaar se mening nie padwaardig of veilig is om te bestuur nie;
 - (d) daar 'n redelike vermoede bestaan dat die bestuurder van die voertuig onder die invloed van alkoholiese drank of 'n middel met 'n bedwelmende uitwerking verkeer; of
 - (e) die bestuurder nie stilgehou het toe 'n gemagtigde amptenaar in uniform so aangedui het nie, wat daartoe gelei het dat die bestuurder agternagesit en tot stilstand gedwing moes word.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar kan, op redelike gronde en onderworpe aan bevestiging, 'n voertuig skut –

- (a) indien dit op 'n openbare pad bestuur word en daar ingevolge artikel 44(1) van die Wet 'n kennisgewing vir die staking van die gebruik van die voertuig uitgereik is, maar die kennisgewing verontagsaam word;
 - (b) indien dit op 'n openbare pad bestuur word deur 'n bestuurder sonder –
 - (i) 'n geldige rybewys;
 - (ii) 'n professionele bestuurspermit; of
 - (iii) die nodige bedryfslisensie of -permit;
 - (c) indien dit op 'n openbare pad bestuur word in stryd met die goedkeuringsvoorwaardes van die bedryfslisensie of -permit, of op 'n ander roete as wat goedgekeur is;
 - (d) wat nie gelisensieer is nie, of waarvan die lisensieskyf reeds langer as 90 dae gelede verval het;
 - (e) wat nie ingevolge artikel 15 geregistreer is nie;
 - (f) wat nie oor nommerplate beskik nie, of oor vals nommerplate beskik; of
 - (g) wat agtergelaat is.
- (3) Die gemagtigde amptenaar moet die voertuigbestuurder 'n ontvangsbewys gee vir die voertuig wat geskut word, en so 'n bewys moet –
- (a) (i) die fisiese toestand van die voertuig beskryf, met duidelike vermelding van enige duike of skade aan die voertuig; en
 - (ii) 'n lys insluit van die toebehore aan en in die voertuig ten tyde van skutting;
 - (b) die adres aandui van die skut waar die voertuig gehou sal word;
 - (c) die ure aandui wanneer voertuie uit die skut vrygestel kan word;
 - (d) die koste aandui wat dalk betaalbaar is voordat die voertuig vrygestel kan word;

- (e) die bestuurder in kennis stel dat hy of sy óf die eienaar skriftelike verhoë ten opsigte van die skutting kan rig, en die naam en kontakbesonderhede gee van die amptenaar aan wie sodanige verhoë gerig kan word;
 - (f) die datum en tyd aandui teen wanneer verhoë gerig moet word;
 - (g) die bestuurder van die voertuig van die maksimum bergingstydperk inlig;
 - (h) inligting voorsien oor die proses om aansoek te doen om 'n verlenging van die maksimum bergingstydperk; en
 - (i) die bestuurder van die voertuig in kennis stel dat die voertuig verkoop of vernietig kan word indien dit nie binne drie maande ná skutting afgehaal word nie.
- (4) Die gemagtigde amptenaar moet 'n afskrif hou van die ontvangsbewys wat aan die bestuurder van die geskutte voertuig uitgereik word, wat as *prima facie*-bewys dien van die toestand van die voertuig ten tyde van skutting.
 - (5) Indien die bestuurder nie die voertuigeienaar is nie, moet die gemagtigde amptenaar 'n afskrif van die ontvangsbewys per geregistreerde pos aan die voertuigeienaar bestel by die adres wat in die voertuigregister op die nasionale verkeersinligtingstelsel, soos wat artikel 1 van die Wet dit omskryf, onder die eienaar se naam verskyn.
 - (6) Die Stad kan 'n daaglikse of maandelikse tarief hef vir die berging van geskutte voertuie.
 - (7) Die Stad kan skutgeld vir die skutting van die voertuig hef.
 - (8) Die Stad kan ingevolge sy beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering, en die Verordening op Kredietbeheer en Skuldinvordering, 2006, koste en foie met betrekking tot die skutting, vervoer en berging van die voertuig van die voertuigeienaar verhaal.
 - (9) Eienaars van geskutte voertuie sal drie maande ná die datum van skutting hê om hulle geskutte voertuie af te haal.

- (10) Indien die eienaar skriftelik daarom aansoek doen, kan die Stad die bergingstydperk voor die einde van die drie maande waarna subartikel (9) verwys, verleng, mits verlenging nie meer as twee keer toegestaan word nie.

63. Vrystelling van geskutte voertuie

- (1) Onderworpe aan subartikel (5) en (6) kan voertuie wat deur die Stad geskut is –
- (a) vir onverskillige of nalatige bestuur of onwettige straatrenne ingevolge artikel 62(1)(a), slegs vrygestel word aan die voertuigeienaar of -bestuurder wanneer vervolging in die saak afgehandel is;
 - (b) vir 'n gebrek aan 'n lisensie óf 'n lisensieskyf wat langer as 90 dae gelede verval het ingevolge artikel 62(1)(b), slegs vrygestel word aan die voertuigeienaar of -bestuurder by die toon van 'n geldige lisensieskyf;
 - (c) vir 'n gebrek aan registrasie ingevolge artikel 62(1)(c), slegs vrygestel word aan die voertuigeienaar of -bestuurder by bewyslewering van registrasie en die toon van 'n geldige lisensieskyf;
